

## 3 Februarie Jesaja 6:1-5 (1953-vert.) HK, Sondag 1

### ***Ware troos begin by die kennis van hoe groot my sonde en ellende is***

In sy roepingsvisioen sien Jesaja die Here op 'n hoë en verhewe troon sit, omring deur serafs wat uitroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here..". Hy is volkome heilig, so geweldig dat selfs hierdie sondelose wesens Hom nie kan aanskou nie, daarom bedek hulle elkeen hul gesigte met twee vlerke. Dit is onder die besef van hierdie heiligheid van die Here dat Jesaja uitroep: "Wee my, ek is verlore". Die heiligheid van God bring hom tot sondebef; hy is onrein. Hy het besef dat hy as nietige sondaar moes sterf, want die heiligheid van die Here is vir die sondaar soos 'n verterende vuur. God is heilig. Hy openbaar sy heiligheid vir ons in sy Woord. En as ons onder die besef van sy heiligheid is, kan ons nie anders as om ons sonde te besef nie. Ons kan nie anders as om te besef dat ons uit onself nie voor Hom kan bestaan nie. Calvyn verklaar dit duidelik in sy Institusie as hy sê: " ... deur die hoogmoed wat ons ingebore is, is ons altyd regverdig, wys en heilig in ons eie oë, totdat ons deur grondige bewys oortuig word van ons onregverdigheid, verdorwenheid en dwaasheid. Hiervan word ons alleen dan oortuig as ons op die Here sien".

En eers as ons deur die Woord en Gees so tot oortuiging van ons onreinheid, ons sonde en ellende kom, is daar troos. Want die eerste ding wat ek moet weet om salig te kan leef en sterf is hoe groot my sonde en ellende is. Dan weet ek hoe nodig ek die Heilige God het.

Sing: Psalm 48:1

Ds. C.J.J. Putter (Koedoesrand)